

ORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS  
EN TOERISME, NO. 20 VAN 1973.

(4) word die wette in Bylae 2 vermeld hierby herroep in die mate in die derde kolom daarvan uiteengesit.

(2) Enige inrigting wat kragtens 'n by subartikel (1) herroepe wet geregistreer en gegradeer is en wat voldoen aan die vereistes wat kragtens hierdie Ordonnansie voorgeskryf word vir sodanige registrasie en die toekenning van sodanige graad word geag kragtens hierdie Ordonnansie aldus geregistreer en aldus gegradeer te wees.

(3) Enige lening wat kragtens 'n by subartikel (1) herroepe wet toegestaan is, word geag kragtens hierdie Ordonnansie toegestaan te wees.

(4) Enige verband wat kragtens 'n by subartikel (1) herroepe wet ten opsigte van 'n lening geregistreer is, word geag kragtens hierdie Ordonnansie geregistreer te wees.

59. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 en tree in werking op die eerste dag van Januarie 1974.

BYLAE 1

NASIONALE WESKUS-  
TOERISTEONTSPANNINGSGBIED

C.V. SK 25/1974

Begin by die punt waar die suidelike oewer van die Ugabrivier die laagwatermerk van die Atlantiese Oseaan kruis; daarvandaan noord-ooswaarts langs genoemde oewer van die Ugabrivier tot waar dit die grens van die landdrosdistrik van Swakopmund kruis; daarvandaan suidooswaarts langs genoemde grens tot by die punt waar lengtegraad 14°53'33" oos breedtegraad 22°29'08" suid kruis; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn met die verlenging van genoemde grens langs tot by die punt waar dit die noordelike grens van die Namibwoestynpark kruis; daarvandaan algemeen suidweswaarts langs laasgenoemde grens tot by die punt waar dit die laagwatermerk van die Atlantiese Oseaan kruis; daarvandaan algemeen noordwaarts langs genoemde laagwatermerk tot by die beginpunt maar uitsluitende die volgende eiendomme: Die Robreserwe Kaap Kruis, die buitestedelike gebied Hentiesbaai, uitsluitend die gebied bekend as Jakkalsputz, die buitestedelike gebied Wlotzka's Baken, die munisipale gebied Swakopmund uitsluitend die plekke bekend as die rushuise, swembad en karavaanpark, die munisipale gebied Walvisbaai, die mynarea van S.W.A. Salt Company bekend as Panther Baken en die volgende plekke: Palmehorst 38, Goanikontes Ost 39, Goanikontes 28, Plaas 139, Weitzenberg 26, Kraussand 39, Birkenfels 33, Tannenhof 74, Richthofen 47, Richthofen 32, Bladeway 104, Douglas 79, Santa Suid 98, Santa 46, Uitkomst 78, Pump Station 43, Griesserau 8, Swakopaue Ost 83, Nonidas 149, Swakopaue 50, Nonidas II 35, Nonidas Siding 42, Nonidas I 34, Plaas 56, Plaas 134, Rooikop 19 en Rooibank 2-17.